TJOKKIE-brokkies!

Uitgawe: 4/4/2017 **Datum: 3 Nov 2017**

Uit die kantoor:
Prysuitdelings
Baie geluk aan elke Tjokkie wat 'n toekenning ontvang het asook die nuutverkose leerlingraad, media- en rekenaar assistente.

Ons dux leerling is:
Emma Nel

Ons hoofleiers is:
Miané Smit – Hoofdogter
Michelle Fleming – O/hoofdogter
Arno Griesel – Hoofseun
Hanko Botha – O/hoofseun

Die jaarverslag en die pryswenners is op die webblad geplaas sou u dit graag onder oë wil kry.

Waarnemend
Mnr Neels Gunter, adjunkhoof, neem waar vanaf Maandag, 6 Nov tot Woensdag, 8 November omrede ek die Graad 7 leerlinge op hulle afskeidstoer vergesel.

Brandblusseropleiding:
Al die personeel het verlede week opleiding in die hantering van brandblussers gehad as deel van ons veiligheidsplan.

Naambord:
Het u ons opgegradeerde naambord aan die suidekant van die skool, op die hoek van Louis Bokstraat gesien? Ons Tjokkievlag wapper nou trots elke dag, en nie net per geleentheid, langs die landsvlag.

You Tube:
Soek mnr Phlip Marais en luister na sy nuwe liedjie "Soli deo Gloria" en "like" dit.

BELANGRIKE DATUMS:

3 Nov: Die buitemuurs staak normaalweg die week voor die eksamens. Daar is egter nog 'n paar krieketligawedstryde wat afgehandel moet word.

4 Nov: Messeskou in die skool-saal. Lees die aangehegte berig op bl 2).

5 Nov: Graad 7 afskeidstoer na die ATKV Klein Kariba vakansie-oord by Bella-Bella. Hulle maak ook 'n draai by Gold Reef City.

7 Nov: Kleuterskoolkonsert se kleedrepetisie.

9 Nov: Kleuterskoolkonsert in die skoolsaal.

10 Nov: Gr 7 Eindeksamen begin en die Gr 4 – 6 leerlinge begin 14 November. Sien die aangehegte rooster. Die skool begin vanaf Maandag, 13 November om 7:45 en sluit om 13:00 vir al die leerlinge.

VERJAARSDAE

3 Nov: Juf Elzanne Stadler (Gr 4)
6 Nov: Juf Maretha Steyn, (Musiek)

Uitslae

Die volgende leerders is op UNISA se ererol vir uitblinkers geplaas (bo 90%) na afloop van die laaste klaviereksamens:

Lohan Nortjé 92%
Mikael von Eschwege 91%
Bea Calitz 90%
Jana Helmand 90%
Lienka Stevens 90%

Hierdie is 'n uitsonderlike prestasie. Baie geluk!

Die volgende kinders behaal eerste plekke by die afgelope Nautiluskamp:

Jana Rossouw – graad 5
Wilandré vd Walt – graad 6
Cornel Swinfen – graad 6

BEGROTINGSVERGADERING (Herhaal)

Kennis geskied hiermee van die begrotingsvergadering vir ouers wat op Maandag, 13 November om 18h00 in die skoolsaal plaasvind.

Ouers word versoek om dit by te woon, aangesien u die begroting en nuwe skoolgeld vir 2018 moet goedkeur. Die vergadering sal teen 19h00 klaar wees.

VAKATURE

Middagstudie-toesighouer vir 2018. Handig ‘n volledige CV by die kantoor in voor 23 November 2017.

Vir meer inligting skakel die skoolhoof by 051-522 1371.

ENTREPRENEURSDAG

As gevolg van die verandering in die eksamenrooster, sal daar ongelukkig nie hierdie jaar vir die Grondslagfase ‘n entrepreneursdag wees nie. Die entrepreneursdag soos geskeduleer vir 14 Nov op die almanak, val dus weg.

GRONDSLAGFASE KOOR

Die GSF koor se tweede koor-cd is beskikbaar by die kantoor. Daar is nog ‘n paar oor en is ‘n lekker Kersgeskenk. Cd’s kos R100.

Kleuterskool Konsert

“EENDAG AS ONS GROOT IS…”

Kleedrepetisie - Dinsdag 7 November, om 14:30 in die skoolsaal

Almal is welkom om te kom kyk! Ons Kleedrepetisie is ‘n volledige konsert met kostuums, grimering, dekor, ensovoorts en dit is altyd lekker om ‘n gehoor te hê!
Kaartjies is **slegs R30** en is by die Kleuterskool te koop.
Middagstudie leerders wat op die terrein is, wil dit gewoonlik graag bywoon, maar benodig‘n kaartjie om toegang te verkry. Sien julle daar!

Messeskou (4 November)

Is jy ‘n mes liefhebber?

Pragtige handgemaakte messe word Saterdag, 4 Nov in die skoolsaal uitgestal en verkoop. Dis werklik versamelaarsitems. Indien jy belangstel om te kom kyk en koop, die pryse is uiters billik.

Wat vanjaar nog meer interessant maak, is dat Mnr Coomans en mnr Jaco Kotze, Skoolhoof van Willem Postma, geleer gaan word hoe om ‘n mes te maak, en teen mekaar meeding wie die mooiste mes kan maak. As julle wil weet wie dit is sal julle moet kom kyk.

Toegangsfooi is R20 per persoon. Kinders onder 16 is gratis.
Daar is ook ‘n kompetisie waar ‘n mes gewen kan word. Kaartjies hiervoor kos R10.

Komaan pa’s, kom maak ‘n draai en bring julle seuns saam.

MUSIEK

Alle musieklesse vir die jaar staak op Vrydag 10 November 2017.

Daar is nog heelwat uitstaande musiekgelde verskuldig. Maak asb seker dat u hierdie verpligting nagekom het.

SNUFFELS

Estudair Studies
Bekommerd oor rapporte?
Estudair verskaf memoriserings-geheue- en visialiseringstegnieke aan u kinders. Kom ons vat die toekoms aan met u kind se volle potensiaal! Stel u belang? Kontak vir Inge by 072 607 8674.

Washday Blues Laundry
Oop 7:30 - 17H30
Donald Murray 93
Was + Droog + Stryk = R15/kg
Was + Droog = R13/kg
Dubbel Duvet = R80
Enkel Duvet = R70

Kontak Suaan by:
082 335 6947

Meenthuis te huur, LHP
Losstaande hoekeenheid, private tuin, goeie sekuriteit
Ruim 3 slaapkamer, 2 badkamer, oopplan
Toesluit motorhuis, afdak, aparte waskamer
R 6 800 per maand plus deposito
Onmiddellik beskikbaar
Kontak 082 371 0773

Manne kom ons braai!

Braaipak kameeldoring R25/pak
10 sakke of meer gratis aflewering in Bloemfontein…
hout of klip
Spaar water...maak tuin met klip:

Tuinklip: 20 kg sakke

- Pienk chrush R50-00
- Bruin Pebbles R50-00
- Room chrush R65-00
- Wit chrush R55-00
- Grys chrush R35-00

Donald Murray 93, Parkwes
0823356947.

BEHEERLIGGAAMPOS (HERHAAL
GRAAD 7 ENGELS

Posvereiste:

- Erkende onderwys kwalifikasie.
- Geregistreer by die SAOR (SA Onderwysraad).
- Innoverende persoon met kennis van tegnologie en die gebruik daarvan in die klaskamer.
- Veelsydige persoon met toegewyde buitemuurse ingesteldheid.
- Diensaanvaarding, 1 Januarie 2018.

Ter inligting:

- ‘n Markverwante salaris word aangebied.
- Handig ‘n volledige CV met kwalifikasies, dienservaring en sport en kultuur kwalifikasies by die skoolkantoor in.
- Sluitingsdatum: Donderdag, 9 November 2017.
- Aansoeke word nie teruggestuur nie.
- Indien jy geen terugvoering teen 23 November ontvang het nie, aanvaar dat die aansoek onsuksesvol was.
- Vir navrae skakel die skoolhoof by 051-5221371 of E-pos: office@tjokkies.co.za.

BORGE

Baie dankie aan ons anker borge! Ondersteun hulle asb.

WISEMAN GROUP MIDAS SPEEDY

SPAR UNIVERSITAS

SERVICE

i'm lovin' it

CARTRACK

Eksamenrooster November 2017

DATUM	GRAAD 4	GRAAD 5	GRAAD 6	GRAAD 7
10 NOV VRYDAG				EBW DEPT VRAESTEL 09:00 – 11:00
13 NOV MAANDAG				WISKUNDE DEPT VRAESTEL 09:00 – 11:00
14 NOV DINSDAG	AFR VRAESTEL 1	AFR VRAESTEL 1	AFR VRAESTEL 1	AFRIKAANS DEPT VRAESTEL 1 09:00 – 11:00
15 NOV WOENSDAG	ENG VRAESTEL 1	ENG VRAESTEL 1	ENG VRAESTEL 1	ENGELS DEPT VRAESTEL 1 09:00 – 11:00
16 NOV DONDERDAG	NWT	NWT	NWT	NATUURWETENSKAP DEPT VRAESTEL 09:00 – 11:00
17 NOV VRYDAG	ENG VRAESTEL 2	ENG VRAESTEL 2	ENG VRAESTEL 2	ENGELS DEPT VRAESTEL 2 09:00 – 11:00 DRAMA PRAKTIESE EVALUASIE 11:30 – 13:00
20 NOV MAANDAG	WISK	WISK	WISK	SW DEPT VRAESTEL 1 GEOGRAFIE 09:00 – 11:00
21 NOV DINSDAG	KUNS PRAKTIES	KUNS PRAKTIES	KUNS PRAKTIES	KUNS PRAKTIESE EVALUASIE 08:00 – 10:00 (A+B) 11:00- 13:00 (C + D)
22 NOV WOENSDAG	AFR VRAESTEL 2	AFR VRAESTEL 2	AFR VRAESTEL 2	AFRIKAANS DEPT VRAESTEL 2 09:00 – 11:00 TEG DEPT VRAESTEL 11:30 – 13:30
23 NOV DONDERDAG	PSW ASSESSERING	PSW ASSESSERING	PSW ASSESSERING	LEWENSORIëNTERING DEPT VRAESTEL 09:00 – 11:00 KUNS DEPT VRAESTEL 11:30 – 13:00
24 NOV VRYDAG	SW	SW	SW	SW DEPT VRAESTEL 2 GESKIEDENIS 09:00 – 11:00